



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER  
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE  
VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 11:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

Rdh E Manuel [DA] : Uitvoerende Burgemeester  
Rdl Me S Crafford [DA] : Uitvoerende Onderburgemeester  
Rdh A De Vries [DA] : Lid van Burgemeesterskomitee

**AMPTENARE**

Adv H Linde - Munisipale Bestuurder  
Mnr J Kotzee - Direkteur Korporatiewe Dienste  
Mnr J Breunissen - Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend)  
Mnr J van Niekerk - Direkteur Finansiële Dienste  
Me A van Sittert - Bestuurder: Strategiese Dienste  
Me J Erasmus - Interne Ouditeur  
Mnr N Scheepers - Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste  
Me C Cloete - Senior Tikster

AKSIE

**BKN001/07/2016**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal teenwoordig by die vergadering.

\*\*\*

**BKN002/07/2016**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/1/4**

Direkteur Tegniese Dienste – siekverlof

\*\*\*

**BKN003/07/2016**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 11:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

Die Munisipale Bestuurder maak melding dat die volgende amptenare, Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste, Senior Tikster, Bestuurder: Strategiese Dienste, Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste en Interne Ouditeur 'n kollektiewe belang het by item 009 en dat genoemde amptenare op versoek van die Uitvoerende Burgemeester die vergadering verlaat wanneer item 009 bespreek word, maar dat die Interne Ouditeur teenwoordig bly vir insette, uit hoofde van haar amp.

\*\*\*

**BKN004/07/2016****BEKRAGTING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 21 JUNIE 2016****3/3/2/2****Besluit:**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 21 Junie 2016 bekragtig word.

\*\*\*

**C CLOETE:  
SENIOR TIKSTER**

**BKN005/07/2016****VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER****3/3/1/6**

Geen

\*\*\*

**BKN006/07/2016****ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS****3/3/1/5**

Geen

\*\*\*

**BKN007/07/2016****MOSIES / VRAE****3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 11:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN008/07/2016

**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERSKUIWING VAN WENDYHUISE VANAF VELDDRIF HOSTELPROJEK NA WITTEWATER AS TYDELIKE NOODBEHUISING**

9/1/2

*(’n Verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel A)*

Die Munisipale Bestuurder lig die verslag toe en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking. Die Tegniëse Dienste: Portefeulje Voorsitter Raadsheer de Vries lig die item verder toe deur foto’s visueel te vertoon van die huise ter sprake.

Die Direkteur Finansiële Dienste maak melding dat die huise/eiendomme uit die spesiale behuisingsrekening gefinansier word waar Provinsie goedkeuring verleen het en nie soos in die verslag vermeld word.

**BESLUIT:**

1. Dat die verskuiwing van die vier wendy huise as noodbehuising goedgekeur word, onderhewig aan die bestaande goedgekeurde begroting;
2. Dat ’n ooreenkoms aangegaan word tussen Bergrivier Munisipaliteit en die inwoners aan wie die Wendyhuise tydelik beskikbaar gestel word; en
3. Dat die huise steeds die eiendom bly van Bergrivier Munisipaliteit en behoorlik deur die bewoners omgesien word; en
4. Dat die duur van die beskikbaarstelling op ’n tydperk van 12 maande vasgestel word of totdat ’n ooreenkoms met die Morawiese Kerk bereik word.

**DIREKTEUR TEGNIESE  
DIENSTE**

\*\*\*

*Die Uitvoerende Burgemeester rëel dat die amptenare wat op T-skale is, Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste, Senior Tikster, Bestuurder: Strategiese Dienste en Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste die vergadering verlaat voordat item 009 bespreek word en versoek dat die Interne Ouditeur, wat huidig besig is met ’n interne ondersoek na die berekeninge, deelvorm van die bespreking by item 009.*

BKN009/07/2016

**TASK IMPLEMENTERING**

9/1/2

**BESLUIT:**

1. Dat die implementering van die TASK evalueringuitskomste goedgekeur word vanaf 1 Mei 2016 in terme van die goedgekeurde SALGA beleid, en soos gekonsulteer met die vakbonde by die Arbeidsforumvergadering van 11 Mei 2016;
2. Dat Bergrivier Munisipaliteit ’n verdere vyf (5) maande se terugwerkende betaling goedkeur vanaf 1 Desember 2015 tot 30 April 2016 om rede die eerste TASK uitslae ontvang is gedurende November 2015. Hierdie is slegs van toepassing op permanente werknemers van Bergrivier Munisipaliteit wat op 1 Mei 2016 in diens was (ingesluit die 2 kontraktuele

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 11:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

poste in die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester. Hierdie is 'n eenmalige vergunning en sal nie in die toekoms as 'n *precedent* gebruik kan word nie;

3. Dat die feit dat uitbetalings reeds geskied het in beginsel gekondoneer word;
4. Dat die Interne Ouditeur ondersoek instel na berekening van uitbetalings wat alreeds gedoen is en dat die administratiewe foute wat bevind is, so spoedig moontlik reggestel word; en
5. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die berekening vir Julie 2016 salarisse verifieer en aanbeveel aan die Interne Ouditeur, Hoof Finansiële Beampte en Munisipale Bestuurder vir kontrolering en goedkeuring onderskeidelik.

\*\*\*

**INTERNE OUDITEUR**

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

**BKN010/07/2016**  
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN011/07/2016**  
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN012/07/2016**  
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

**BKN013/07/2016**  
**IN KOMITEE: BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 11:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

---

BKN014/07/2016

IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR  
OORWEGING/KENNISNAME

Geen

\*\*\*

BKN015/07/2016

IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/  
KENNISNAME

Geen

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:40  
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**

\*\*\*